

Graad 8

EAT

Skool Baseerde Aktiewe

Kwartaal 1 – 2021

Naam: _____ Van: _____

Graad 8 E _____



Voorbereide Lees

Jy kan dit uitstal en iets noem soos: *Tiaan Fourie, 'n selfportret in twintig dele.* Of: *Stukkies van 'n sestienjarige.* Of dalk: *Tiaan Fourie – 16, single en so verveeld dat hy homself met sy digitale kamera probeer afneem.*

"Wat maak jy?"

Ek wip soos ek skrik en swaai my rekenaarstoel om.

"Is jy wraggies besig om foto's van jouself te neem?"

Ek trek vir Zane 'n gesig. "Ná vanmiddag is ek te flippen embarrassed om vir die res van die jaar my kop by die deur uit te steek," sê ek suur. "So, ek moet seker iets kry om my binnenshuis te vermaak."

Zane glimlag net. "Dit was g'n so erg nie. Eintlik moet jy bly wees ek het ou Bach 'n bietjie met die lipstick ingekleur."

"Mozart."

"Wat?"

"Nie Bach nie. Mozart."

"Whatever. Dink só daaraan: Ons gaan oormôre oudisies hou vir 'n ordentlike band, ons gaan vir 'n battle of the bands-kompetisie inskryf, en Liezl Kritzinger het vanmiddag vir my gesmile."

Ek rol my oë. "Dit was nie 'n smile nie, Zane. Die girl was besig om jou uit te lag."

Zane trek sy skouers op. "Dis 'n begin ..."

Ek tel my kamera op.

Lees Rubriek Punte (20)

	UITSTEKEND	KNAP	GEMIDDELD	ELEMENTêR	ONVOLDOENDE
Kriteria:	10-9	8-7	6-5	4-3	2-0
Voorbereiding **Liggaamshouding:** Voete by mekaar, regop, Leesboek korrek vasgehou	Leerder het uitstekend voorberei Uitstekende liggaams-houding	Leerder het baie goed voorberei Goeie liggaams-houding	Leerder het voorberei Gemiddelde liggaams-houding	Leerder het min voorberei Liggaams-houding kort aandag	Geen voorbereiding is gedoen nie Liggaams-houding is verkeerd
	10-9	8-7	6-5	4-3	2-0
Lees: Vlot, uistpraak, gebruik van leestekens. Oogkontak met die gehoor.	Foutlose lees en uitspraak. Puik gebruik van leestekens en deurentyd oogkantak met die gehoor.	Goeie lees tempo en uitspraak. Goeie gebruik van leestekens. Gereelde oogkontak met gehoor.	Aanvaarbare leestempo, woorde word meestal reg uitgespreek. Leestekens word gebruik. Aanvaarbare oogkontak met die gehoor.	Lees tempo is elementêr. Woorde word gereeld verkeerd uitgespreek. Leesteken gebruik is selde opgetel. Swak oogkontak met die gehoor.	Lees tempo en uitspraak is swak, stop gereeld om woorde te klank. Moeilik om te volg wat gelees word. Geen leestekens word gebruik nie. Geen oogkontak met die gehoor nie.
Totaal:					

Opstel

Verhalende Skryf – Narrative Writing

2. NARRATIVE WRITING - VERHALENDE SKRYF

A narrative tells a story or gives an account of events (gebeure) or incidents (voorvalle).

- As a result, we usually narrate in **the past tense** (die verlede tyd).
- Your Mind Map® (breinkaart) is essential to ensure a **logical progression** of thoughts and actions. This is your **plot** (knoop) or **story-line** (storielyn).
- Your story should consist of a **gripping introduction** (boeiende inleiding), a **development** (ontwikkeling), a **climax** (hoogtepunt) and sometimes a **conclusion** (gevolgtrekking).
- **Characters** (karakters) should be limited in number and thoughtfully described so that the reader can identify and relate to them.
- **Dialogue** (dialoog) is often used for effect, but it should be used sparingly.

Beplanning:

THE FOLLOWING DIAGRAMS MAY HELP YOU TO PLAN YOUR WRITING (BEPLANNING):

a. **Plot Lines (storielyne) enable you to plan your work in a vertical or horizontal fashion. They may make use of graphics.**



b. **A Flow Chart (stroomplan) is a diagram showing the different stages of a complex activity.**

- It enables you to **structure** your work correctly, follow a **chronological** order and include **all** necessary elements.
- It encourages **lateral thinking**.



c. **A Mind Map® (breinkaart) is made up of headings, words, diagrams or pictures. It is a wonderful planning tool and aids you in the following ways:**

- It allows you to see if you have **enough ideas**. If not, change your topic at this early stage.
- It **focuses** your thoughts and ideas.
- It **orders** your thoughts logically and sequentially.



Verhalende Opstel:

Doel:

- Om te vermaak Teksstruktuur:
- Inleiding wat karakters en agtergrond bekendstel
- Die inleiding moet die leser boei.
- Gebeure wat spanningslyn skep.
- Afloop of die samevatting (slotparagraaf) moet verrassend wees.

Taalkenmerke

- Skryf in die eerste of derde persoon.
- Dit gaan oor iets wat gebeur het en vertel word.
- Dit word opreg en met entoesiasme geskryf.
- Gebruik meestal verlede tyd.
- Beskryf opeenvolgende gebeure.
- Gebruik woorde wat gebeure in tyd aandui, bv. Vroeg, laat, gister môre, later, ens.
- Dialoog kan gebruik word.
- Gebruik bywoorde, byvoeglike naamwoorde, beelde, idiome, intensiewe vorms, ens. wat die leser boei.
- Die storielyn moet logies ontwikkel.
- Kan ’n eie ervaring wees of fiksie.
- Karakterisering moet oortuig en die agtergrond moet geslaagd wees.

Skryf ‘n opstel van **180 – 210 woorde oor EEN** van die volgende onderwerpe.

Skryf **die nommer en die titel** van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

1.1 Waarheen het my sokkies verdwyn? (30)

OF

1.2 Daar vat hy … (30)

OF

1.3 Daar hoor ek dit weer. (30)

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

Beplanning

Titel:_____

Totaal Woorde_____

Rebruik vir Stelwerk

30 PUNTE	VERDIENSTELIK/ UITSTEKEND	KNAP	VOLDOENDE/ GEMIDDELD	BASIES/ ELEMENTêR	ONVOLDOENDE
INHOUD, BEPLANNING,IDEES, ONDERWERP **20 PUNTE**	**Respons**: uitstaande en treffend **Idees**: Interessant en verbeeldingryk **Beplanning**: Bewyse van beplanning lei tot uitstekende aanbieding	**Respons:** Goed saamgestel **Idees:** Interessant en oortuigend **Beplanning:** Bewyse van beplanning lei tot goed saamgestel de aanbieding	**Respons:** Bevredigend **Idees:** Redelik samehangend en oortuigend **Beplanning:** Bewyse van beplanning lei tot bevredigende aanbieding	**Respons:** Elementêr, dikwels onverstaanbaar **Idees:** Min idees en onsamehangend **Beplanning:** Onvoldoende beplanning lei tot swak opstel	**Respons:** Geen samehang, ontoepaslik **Idees:** Herhalend en deurmekaar **Beplanning:** Geen bewyse van beplanning. Baie swak
	17-20	13-16	9-12	5-8	0-4
TAAL, STYL, REDIGERING **5 PUNTE**	**Toon**: Hoogs gepas vir doel,gehoor en konteks **Taalgebruik:** Uitsonderlik,treffend. Taal,styl en register is gepas **Samestelling:** Baie knap	**Toon:** Baie gepas vir doel, gehoor en konteks **Taalgebruik:** Goed en effektief. Taal, styl en register foutloos **Samestelling:** Knap	**Toon:** Gepas vir doel, gehoor en konteks **Taalgebruik:** Gepas. Taal,styl en register geskik vir teks **Samestelling:** Redelik na goed	**Toon:** Nie gepas vir doel,gehoor en konteks nie **Taalgebruik:** Basies. Styl, taal en register soms onvanpas **Samestelling:** Woordeskat is beperk	**Toon:** Nie gepas vir doel,gehoor en konteks nie **Taalgebruik:** Woordeskat so beperk dat dit moeilik is om te verstaan
	5	4	3	2	1
LENGTE,STRUKTUUR **5 PUNTE**	**Struktuur:** Uitstaande ontwikkeling van onderwerp, sinne en paragrawe **Lengte:** Korrek	**Struktuur:** Logiese ontwikkeling van onderwerp **Lengte:** Korrek	**Struktuur:** Toepaslike idees,sinne, paragrawe ontwikkel **Lengte:** Korrek	**Struktuur:** Sommige geldige idees. Sinne en paragrawe het foute **Lengte:** Te kort/lank	**Struktuur:** Nodige idees ontbreek. Sinne en paragrawe wemel van foute **Lengte:** Heeltemaal te kort/klank
	5	4	3	2	1